

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

#### Aanstreek van die kerse

#### Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.  
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees  
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

*Refrein (slegs na strofes 1 en 2)*  
*O Heer, help my om altyd so te leef –*  
*om ander hoër as myself te ag,*  
*ja, om lief te hê – ander bo myself –*  
*en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.  
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.  
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
leer my om ook soos U te kan vergeef.  
Maak my bereid om aan myself te sterf,  
dat ander U al meer in my kan sien.

## Woorddiens

### Tema: “Behoort: toestand of opdrag?”

#### Skriflesing: Johannes 17:1-11

“That is part of the beauty of all literature. You discover that your longings are universal longings, that you're not lonely and isolated from anyone. You belong.”

— F. Scott Fitzgerald

“Your children are not your children.  
They are sons and daughters of Life's longing for itself.  
They come through you but not from you.  
And though they are with you yet they belong not to you.  
You may give them your love but not your thoughts,  
For they have their own thoughts.  
You may house their bodies but not their souls,  
For thir souls dwell in the house of tomorrow, which you  
cannot visit, not even in your dreams.  
You may strive to be like them, but seek not to make them like  
you.  
For life goes not backward nor tarries with yesterday.  
You are the bows from which your children as living arrows  
are sent forth.

The archer sees the make upon the path of the infinite, and He bends you with His might that His arrows may go swift and far. Let your bending in the archer's hand be for gladness.

For even as He loves the arrow that flies, so He also loves the bow that is stable.”

— Kahlil Gibran

### Broodjies vir die pad

#### Wat het ons met die dood gemaak?

*Rudi Swanepoel*

Is dit nie vreemd wat ons met die dood gemaak het nie? Om dit so te ignoreer en te vermy, en maak asof dit nie iets is nie. Die dood is iets.

Ons almal ervaar hoe ander sterf, en in ons agterkoppe weet ons dat ons self ook gaan sterf. En steeds is dit 'n uitgerangeerde onderwerp en gebeurtenis.

Mense praat nie eintlik oor die dood nie. Buiten wanneer 'n openbare figuur (soos Karel Schoeman) op 'n ongewone manier sterf.

Maar ek wil nie oor Schoeman se besluit praat nie.

Ek wil praat oor die feit dat ons nie oor die dood praat nie. Want ek dink ons moet.

Ek weet nie hoekom mense sukkel om daarvoor te praat nie. Ek weet ook nie hoekom baie mense nie weet hoe om te rou nie. Ek weet byvoorbeeld ook nie hoekom gemeenskappe (miskien juis sekere dele van die Afrikaanssprekende gemeenskap) so doodsvermydend lewe en (bykans) geen rituele/gebruike en spesifieke toegewysde rouperiodes het nie.

Die feit bly staan: Die dood het gekom om te bly.

As predikant kry 'n mens te doen met verskillende maniere van doodgaan. Dis die “moeilike” deel van jou werk, merk baie mense op wat jou dophou.

En dit is, want in die skadu van die dood raak die diepste emosie en die grootste lewensvrae wat jou in die gesig kan staar skrikwekkend werklik.

Dis nie maklik nie. Vir niemand nie. Veral nie as 'n mens grootgemaak is in 'n kultuur waar die openlike uitdrukking van emosie nie altyd welkom is nie.

So dalk moet 'n mens eerder oor emosie praat. Oor die normalisering daarvan, en daarna eers oor die normalisering van die dood.

Miskien moet 'n mens net aanhou probeer om jou kinders (en ander om jou) te leer dat emosie normaal is. Dat dit uitgedruk mag word. Dat woede en teleurstelling en frustrasie en hartseer nie iets is wat tot elke prys beveg moet word nie, maar 'n integrale en potensieel móóí deel van ons menswees is.

Want help 'n uiting van emosie ons nie juis om beter te voel en weer krag bymekaar te maak vir môre nie?

En die dood, dan? Hoe maak ons die dood (weer) deel van die lewe? Eintlik weet ek glad nie. Hoewel ek vermoed dat die dood ruimte nodig het. Plek en tyd.

Wanneer iemand sterf, hoor ek so baie hoe mense praat oor *closure*, dat hulle *closure* wil hê en hoop dat dit ná die begrafnis kom.

Sjoe, nee. Die dood het meer tyd nodig. Meer kopsaspasie. Meer hartspasie. Meer ruimte van familie en vriende, selfs die durf om die dood nie knap drie weke ná die begrafnis te begrawe nie.

Daai persoon wat rou? Sy is alleen. Terwyl almal opgehou praat het van haar man wat weg is, pyn haar hart. Daagliks. Sy tob en wonder of sy ooit weer nié aan hom gaan dink en intens na hom gaan verlang nie.

Loop jy langs daai persoon? Vra haar dan uit. Gee haar 'n aanduiding dat as sy sou wou, julle oor haar man kan praat. Moenie wegstroom nie. Gaan. Luister. Huil weer. Huil nog.

Die dood vra dalk 'n bietjie meer tyd, om ons eie beswil.

Kom ons gee dit vir mekaar.

Moenie bang wees nie.

Bel.

\* *Swanepoel is 'n leraar in die NG kerk se Andrew Murray-gemeente.*

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/wat-het-ons-met-die-dood-gemaak-20170511>



“Possessions, outward success, publicity, luxury - to me these have always been contemptible. I believe that a simple and unassuming manner of life is best for everyone, best for both the body and the mind.”

— Albert Einstein

## Brood vir die pad

### Ons wortels lê immers nie altyd agter ons nie?

Is gewortel wees dalk wel die grootste behoefte van die mens se siel, al herken ons dit hoe moeilik? Indien Simone Weil hiermee gelyk het, is dit uiteraard 'n bittere waarheid. Want hoevele vandag het oënskynlik géén wortels nie? G'n plek van tuiste, g'n *home*, nóg geografies, nóg geestelik?

Ons wêreld is ontstellend vol ontheemdes, vlugtelingen, asielsoekers, bannelinge, straatkinders, oorlogswese – die statistieke verbyster. Wat meebring dat ontwortel-wees vir diesulkes tot hulle wortels word, hoe ontstellend ook al. Ontwortel-wees ís hul wortels, hul tuistes, dít wat hulle vorm en stempel en sal bybly – al wat hulle het, al wat hulle ken, wat hulle eendag gaan onthou. Sosiale kommentators wyt deesdae vele krisisse aan konflikte tussen *anywheres* (wat oral tuis voel en met enigeen kan saamleef) en *somewheres* (wat maklik vol vreemdes bedreig hulle lewenstyl en identiteit), maar inderwaarheid is ons wêreld óók vol *nowheres*, diegene sonder enige wortels, nêrens tuis, ontheem.

Gelukkig lê ons wortels natuurlik nie altyd ágter ons en is *home* nie noodwendig deel van ons verlede nie. Gelukkig kán ons tuiste, die gewoontes wat ons vorm en die waardes wat ons stempel ook vóór ons lê, as toekoms, as poolster, as oriëntasie. Gelukkig, sommige sal sê goddank.

Die kerk ken juis dié wete van vroeg af. In die Evangelies word gebid om die koms van die ryk. Vir Paulus is gelowiges se eintlike burgerskap elders en vir Petrus is hulle oraloor vreemdelinge en bywoners. Aldus die 2de eeuse *Brief aan Diognetus* maak dié burgerskap gelowiges anders as hul gemeenskappe en hulle optrede dikwels vreemd – hulle goeddoen aan álmal weerspieël opsigtelik nie die vooroordele en vyandskappe van hul omgewings nie, want hulle is verwortel in 'n ánder *home*. Sedert Augustinus se *Stad van God* vorm dié oortuigings – gelowiges se eintlike tuiste lê élders, in 'n ánder stad met ánder waardes – meermale die grondslag van die kerk se sosiale etiek.

Dog die insig self stam tog eintlik al van veel vroeër? Eeue tevore speel Ithaka immers al dié rol in Odusseus se jare lange omswerwinge, ná die slag by Troje? Hy is op pad daarheen, huis toe, na Ithaka, en slegs dié vooruitsig, dié droom, dié verlange gee betekenis aan sy talle reise. Daarsonder was sy

ervaringe sinloos, 'n losse opeenvolging van insidente sonder samehang. Maar sy hunker na Ithaka vul álles wat gebeur met waarde. Daarsonder was hy 'n blote swerwer, 'n balling, doelloos aan't rondryf, dog danksy Ithaka is hy 'n reisiger en sy verhaal 'n klassieke vertelling wat bly boei. Sý stad sou nog kom, vandáár die spanning en opwinding en oriëntasie. – DJS

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ons-wortels-le-immers-nie-altyd-agter-ons-nie-20170519>



## Ithaka

Constantine P. Cavafy (1863 – 1933)

*Vertaling en herdigting deur Joan Hambidge*

Wanneer jy vertrek na Ithaka

Versoek dat jou reis lank sal duur

vol avontuur en aanwysing.

Moenie bang wees

vir die Leistrigone, Siklope

of die woedende Poseidon nie:

jy sal dit nooit vind nie

solank jou gedagtes vlietend is, solank

'n vreemde gevoel jou gees en liggaam aanraak.

Die Leistrigone en die Siklope,

woedende Poseidon, dié sal jy nooit ontmoet nie,

behalwe as jy hulle koester in jou siel, behalwe as jou siel hulle

oprakel voor jou.

Vra dat jou pad lank mag wees.

Jy het menige somerdagbreek om binne te gaan

-met watter dankbaarheid met watter vreugde-

en hawes om vir die eerste keer te sien:

om te vertoef by die Fenisiese handelsentra

om goeie ware te koop,

pêrel en koraal, amber en eboniet,

sensuele parfuums van elke soort,

oordadig welriekende parfuums soveel as wat jy begeer;

besoek vele Egiptiese stede,

om argiewe vol kennis van geleerdes te versamel.

Bewaar Ithaka vir altyd in jou gedagtes.

Jou aankoms daar is waarvoor jy bestem is.

Maar moet beslis nie die reis aanjaag nie.

Dit is beter dat dit vir jare talm, voortdobber

sodat wanneer jy die eiland bereik, jy reeds oud is,

ryk met wat jy langs die pad verwerf het,

met geen verwagting dat Ithaka jou sal verryk nie.

Ithaka het aan jou daardie skitterende reis gegee.

Sonder haar sou jy nooit begin het nie.

Sy het niks anders om jou aan te bied nie.

En as jy haar arm vind, het Ithaka jou nie mislei nie.

Hoe wys het jy nie uit ondervinding geword nie,

want kyk, jy verstaan al reeds wat hierdie Ithakas beteken.



### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor*

*ubi caritas, Deus ibi est.*